

**28 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 9:1-21**

**Fokusgedeelte: Nehemia 9:17**

**God bly getrou al is sy volk ontrou**

'n Derde keer was daar 'n lang voorlesing uit die wet van die Here. Dit was 'n vasdag waarop die Israeliete hulle God ontmoet het. Met rouklere aan en stof op die koppe het die volk vir drie ure na die wet geluister en hulle skuld bely.

Die Leviëte se gebed vir die volk lig die kontras uit: God se voortdurende trou ten spyte van sy volk se ontrou. Hy is die Skepper wat Hom in Abraham aan mense verbind en 'n groot nageslag gevorm het – sy verbondsvolk. Die Israeliete is deur kragtige daade uit Egipte gered. In die woestyn is die volk versorg en het 'n wolkkolom en 'n vuurkolom hulle begelei. Sy wet gee aan hulle geestelike voedsel. Met manna en kwartels is hulle liggaamlik gevoed. Water uit die rots laaf hulle dorstige tonge.

Maar die volk was moedswillig ongehoorsaam. In koppigheid wou hulle terug na Egipte. Tog het die genadige God vergewe. Hulle is nooit alleen gelaat in die woestyn nie, al het hulle ook swaar gesondig. Selfs sy Gees was voortdurend daar om te onderrig.

Dit is geen goedkoop genade nie. In Jesus Christus word die absolute trou van die God van die verbond begrond. Deur kragtige daade verlos Hy sy volk uit die slawerny van die sonde. Hy het die dood ingegaan om lewe te gee aan sondaars wat die dood verdien. Sy Gees is uitgestort om ons te onderrig.

Waarlik, God bly getrou al struikel ons en val ons in sonde. Laat ons Hom altyd daarvoor prys!

*Sing: Psalm 78:11,13*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*